



Hoërskool Olimpiade

Guiding the leaders of tomorrow

EKONOMIE

GRAAD 10

Olimpiade Vraestel

Ronde Een

Punte: 30

Tyd: 1 uur

Datum: 11 Mei 2022

Instruksies

1. Vul antwoorde in op die ANTWOORDBLAD.
2. Onthou om jou persoonlike inligting volledig in te vul op die ANTWOORDBLAD.
3. Die ANTWOORDBLAD het 4 afdelings, maak seker dat jy die korrekte vak kies.
4. Elke vraag het 4 moontlike antwoorde (A B C D)
Slegs een antwoord is korrek.
Kleur die antwoord sirkel volledig in.
5. Sterkte!



BASIESE EKONOMIESE KONSEPTE

1. Die studie van ekonomiese fokus in wese op:
 - A vraag.
 - B aanbod.
 - C keuse.
 - D ewewig.
2. Ekonomie maak gebruik van verskillende metodes om data te bekomm en ekonomiese verskynsels te verduidelik. Watter metode sal die minste effektiel wees vir die verkryging van ekonomiese data en om ekonomiese verskynsels te verduidelik?
 - A Eksperimente
 - B Modelle
 - C Grafieke
 - D Navorsing
3. 'n Verbruiker bestel 'n hoenderburger-en-koeldrankkombinasie wat op spesiale aanbieding is in plaas van die gewone biefburger wat sy verkie. Dit is 'n tipiese voorbeeld van:
 - A skaarsheid.
 - B marginale nut.
 - C vraag.
 - D geleentheidskoste.
4. Ekonomie analiseer menslike gedrag. As sodanig kan ekonomie geklassifiseer word as 'n:
 - A sosiale wetenskap.
 - B ekonomiese wetenskap.
 - C bestuurswetenskap.
 - D wiskundige wetenskap.
5. In 'n studie gee 'n ekonoom geen of baie min aandag aan spesifieke eenhede wat verskillende aggregate (totale) uitmaak. Hierdie studie kan die beste beskryf word as op die gebied van _____ ekonomie.
 - A makro
 - B mikro
 - C positiewe
 - D negatiewe
6. Alle persone moet gratis toegang tot wi-fi hê om hul lewenstandaard te verhoog. Hierdie stelling kan die beste gesien word as deel van:
 - A positiewe ekonomie.
 - B normatiewe ekonomie.
 - C negatiewe ekonomie.
 - D moderne ekonomie.

7. Die vraag wat alle verbruikers vir die nuutste iPhone het, vorm deel van:
- A internasionale ekonomie.
 - B monetêre ekonomie.
 - C mikro-ekonomie.
 - D makro-ekonomie.
8. 'n Verbruiker in 'n kitskosrestaurant moet besluit watter kos om te bestel wanneer hulle by die toonbank aankom. Wanneer hierdie besluit geneem word, is die verbruiker besig:
- A met behoeftebevrediging.
 - B om marginale koste en marginale voordele te vergelyk.
 - C om skaars produksiefaktore te verbruik.
 - D om perfekte besluite te neem.
9. Die konsep *ceteris paribus* beteken dat:
- A begeertes en behoeftes onbeperk is.
 - B begeertes dieselfde as behoeftes is.
 - C vraag en aanbod altyd gelyk sal wees.
 - D 'n veranderlike konstant gehou word.

DIE EKONOMIESE PROBLEEM

10. 'n Produk slaag nie daarin om 'n prys op die goederemark te behaal nie. Die vraag na hierdie produk is egter groter as die aanbod daarvan. Hierdie produk kan die beste beskryf word as een wat:
- A gratis is.
 - B skaars is.
 - C onbeperkte beskikbaarheid het.
 - D geen nut het nie.
11. 'n Produk kan beskryf word as relatief skaars wanneer dit 'n:
- A beperkte vraag en onbeperkte aanbod het.
 - B onbeperkte aanbod en onbeperkte vraag het.
 - C beperkte vraag en beperkte aanbod het.
 - D onbeperkte vraag en beperkte aanbod het.
12. Die kurwe wat verskillende kombinasies van Produk A en Produk B toon wat 'n verbruiker met 'n spesifieke inkomste van X kan koop, staan bekend as 'n:
- A produksiemoontlikheidskurwe.
 - B vraagkurwe.
 - C aanbodkurwe.
 - D begrotingsbeperkingskurwe.

13. Kapitaalgoedere verskil van verbruikersgoedere omdat:
- A verbruikersgoedere behoeftes bevredig, terwyl kapitaalgoedere die produksie van verbruikersgoedere moontlik maak.
 - B verbruikersgoedere behoeftes bevredig, terwyl kapitaalgoedere die produksie van vrye goedere moontlik maak.
 - C kapitaalgoedere behoeftes bevredig en verbruikersgoedere die produksie van verbruikersgoedere help.
 - D kapitaalgoedere na geld verwys as `n ekonomiese hulpbron.
14. Wanneer grond, arbeid, kapitaal en entrepreneurskap gekombineer word, staan dit bekend as:
- A vervaardigde hulpbronne.
 - B faktore van aanbod.
 - C vrye goedere.
 - D insette.
15. Die sektor wat gemoeid is met die aanbieding van nie-tasbare goedere en dienste aan verbruikers, byvoorbeeld toerisme, staan bekend as die _____ sektor.
- A primêre
 - B sekondêre
 - C tersiêre
 - D kwartiel
16. Sout word deur `n huishouding gekoop om gebruik te word wanneer kos gemaak word. Sout sal geklassifiseer word as `n:
- A finale goedere.
 - B intermediêre goedere.
 - C produksiegoedere.
 - D kapitaalgoedere.
17. Straatligte kan as nie-uitsluitend beskryf word omdat dit:
- A gedefinieer word deur onbeperkte menslike behoeftes en begeertes aan die een kant en skaarsheid aan die ander kant.
 - B nie skaars is nie en as sodanig beskikbaar is in groot hoeveelhede.
 - C gelyktydig deur `n onbeperkte aantal verbruikers geniet kan word.
 - D onmoontlik is om te verhoed dat iemand wat nie daarvoor betaal het nie, die voordele daarvan geniet.

DIE SIRKULÊRE VLOEI

18. `n Maatskappy in Suid-Afrika koop goedere van `n maatskappy in Botswana aan. Dit kan beskryf word as:
- A makro-handel.
 - B internasionale handel.
 - C nasionale handel.
 - D entrepot handel.

19. Watter sektor word uitgesluit in `n geslotte ekonomie?

- A Verbruiker
- B Produsent
- C Regering
- D Buiteland

20. Die algemene funksie van die owerheidsektor in die sirkulêre vloeimodel is om:

- A produkte en dienste te produseer.
- B die omgewing waarin die ekonomie kan funksioneer, te skep.
- C belasting te hef.
- D produksiefaktore te verskaf.

21. Die sirkulêre vloeimodel verteenwoordig die vloei van:

- A vraag, aanbod en ewewig.
- B produksie, inkomste en besteding.
- C huishoudings, maatskappye en die regering.
- D begeertes, behoeftes en skaarsheid.

22. Huur, lone, rente en winste verteenwoordig die:

- A geld wat uit Suid-Afrika vloei wanneer ons goedere en dienste invoer.
- B vloei van goedere van produsente via die goederemarkte na huishoudings en ander gebruikers van hierdie goedere.
- C vergoeding van produksiefaktore vir deelname aan die ekonomie.
- D besparings van die deelnemers aan die ekonomiese vloeimodel.

23. Watter rol vervul huishoudings in `n basiese twee-sektor sirkulêre vloeimodel?

- A Spandeer hul inkomste in die produktemark.
- B Koop hulpbronne van maatskappye.
- C Ontvang inkomste via die produktemark.
- D Produseer produkte.

24. `n Voorbeeld van ***duursame goedere*** is:

- A kos.
- B klere.
- C stoof.
- D grimering.

KWANTITATIEWE ELEMENTE

25. Volgens `n ekonomiese verslag is die ekonomie van Land A 5% groter as die ekonomie van Land B. Dit illustreer dat:

- A die waarde van die geldeenheid in Land A hoër is as dié van Land B.
- B meer goedere en dienste in Land A geproduseer is as in Land B.
- C die waarde van alle goedere en dienste wat in `n jaar binne Land A se grense geproduseer word, groter is as dié van Land B.
- D die waarde van invoere uit Land A groter is as die netto uitvoere van Land B na Land A in `n gegewe jaar.

26. Die BBP vir Land A en Land B word verskaf:

	2020	2021
Land A	R3 385 000	R3 495 000
Land B	R3 408 000	R3 508 000

Volgens hierdie inligting, het die BBP van:

- A Land A van 2020 tot 2021 met 3,24% afgeneem.
- B Land A van 2020 tot 2021 met 3,24% toegeneem.
- C Land B van 2020 tot 2021 met 2,85% toegeneem.
- D Land B van 2020 tot 2021 met 2,85% afgeneem.

27. Die basiese verskil tussen `n land se BBP en BNI is dat die:

- A BBP op ligging en BNI op eienaarskap gebaseer is.
- B BBP op eienaarskap en BNI op ligging gebaseer is.
- C BNI en BBP nie verwant aan mekaar is nie.
- D BNI in Rand gemeet word en BBP in volume.

28. Die reële BBP per capita verskil van die nominale BBP per capita aangesien dit:

- A die land se BBP deur die totale bevolking deel.
- B invoere aftrek en uitvoere byvoeg.
- C die buitelandse sektor ignoreer.
- D die effek van inflasie uitskakel.

29. `n Toename in die reële BBP per capita met verloop van tyd word die beste beskryf as:

- A `n besigheidsiklus.
- B `n tydperk van resessie.
- C ekonomiese groei.
- D inflasionêre oplewing.

30. `n Land ervaar `n fase van ekonomiese groei en algehele welvaart in die ekonomie. Watter een van die volgende stellings is waar?

- A Inkomste, uitgawes en produksie is geneig om te daal.
- B Beleggings, spaargeld en besteding daal.
- C Bestaande kapasiteit van produsente word onderbenut.
- D Produksiefaktore is relatief skaars.